



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N5 (Eerste vraestel)

3 Desember 2025

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

(Eerste vraestel)

VRAAG 1: PRÉCIS

***Enige gepaste titel** Moontlike titel:

*MINDER STRES BY DIE WERKPLEK

*KANTOOR BROEIKAS VIR BETER IDEES

*DIS TOG BETER BY DIE KANTOOR

***Inhoud:** Die volgende in vloeiende prosa en paragraaf in eie woorde:

- Om te vereis dat werknemers terugkeer kantoor toe hou risiko's in. ✓
- Talentvolle werknemers kan besluit om te bedank. ✓
- Projekte kan gevolglik in die slag bly. ✓
- Daarenteen bied dit verskeie voordele. ✓
- Beter (meer opwindende) produkte kan geskep/ontwerp en vervaardig/produceer word. ✓
- Die werkplek toets/verfyn/sif moontlike nuwe planne en oplossings. ✓
- Stimulerende gesprekke lei tot spontane nuwe/vars idees en bied groeigeleenthede. ✓
- Die informele interaksie/verkeer bevorder samehorigheid. ✓
- Spanne en individue kan beter bestuur word vir bevredigende resultate. ✓
- Die skeiding tussen werk en huis verminder stres en uitbranding. ✓
- Om vanaf die kantoor te werk, skep balans tussen werk, huis en ontspanning. ✓
- Na werk kan werknemers fokus op die lewe tuis. ✓

*[Aantal woorde – [120]

UITLEG	INHOUD	TAAL/SPELLING
3* 1 = gepaste titel 1 = volsinne/paragraaf 1 = aantal woorde	12 ✓	5 -1/2 per fout Vloeiende prosa Logiese samehang Eie woorde

[20]

Rubriek vir taalpunt	
Inhoudspunt	Taalpunt
11 – 12	5
9 – 10	4
6 – 8	3
3 - 5	2
1 - 2	1

(Eerste vraestel)

VRAAG 2: VRAELYS

*NOMMERPAS KOMBUISE

- Doel van die vraelys in een sin van ongeveer 30 woorde. ✓
Bv. Nommerpas Kombuisie wil vasstel hoe gereed jy is om voltyds terug te keer werk toe.
- Aansporing om vraelys te voltooi. ✓
Bv. Voltooi asseblief hierdie vraelys om ons te help om jou te ondersteun.

- Instruksie – dui jou antwoord aan met X in die toepaslike ruimte. ✓

Te veel tyd gaan verlore in spitsverkeer	
Stygende brandstofpryse	
Enige toepaslike antwoord – maksimum 3 punte	

- Duidelike opdrag hoe dit ingedien moet word.

Sperdatum vir indiening. ✓

- **Geslote vraag** ✓✓✓✓
• Watter persentasie van die werknemers gereed is om voltyds terug te keer kantoor toe en hoeveel eerder sal bedank
Bv: Is jy gereed om voltyds terug te keer kantoor toe? JA/NEE
Indien NEE, sal jy bedank as dit van jou verwag word?

- **Oop vraag** ✓✓
• Waarom sal dit vir jou moeilik wees om voltyds terug te keer kantoor toe?
• Hoe die maatskappy werknemers kan ondersteun om voltyds terug te keer.
Bv. Hoe kan *Nommerpas Kombuisie* jou bystaan om voltyds terug te keer kantoor toe?

*M. Nkrosana

BESTUURDER: MANNEKRAG/MANNEKRAGBESTUURDER

(naam, titel, datum – geen punt indien enige ontbreek)

Datum

UITLEG	INHOUD	TAAL
* 2 -1 per fout 2 Vraagtypes	10 ✓	3 -1/2 per fout Logiese uiteensetting van vrae Goeie sinskonstruksie/spelling

[15]

Rubriek vir taalpunt	
Inhoudspunt	Taalpunt
8 – 10	3
4 – 7	2
1 - 3	1

(Eerste vraestel)

VRAAG 3: E-POSBOODSKAP

ADDENDUM B

STUUR	Aan *	singh.n@nommerpaskombuise.co.za
	AA *	
	Onderwerp *	Vraelys

*Beste Kollega

Bondige boodskap.
 Hierby aangeheg is 'n vraelys vir u dringende aandag./ ✓
 Voltooi die aangehegde vraelys asseblief.

Welwillendheid. - kontak my vir verdere navrae ✓

* Mpi Nkosana
 * Telefoon: (XXX) XXX XXXX

opsioneel – word nie bepunt
 * E-pos: nkosana.m@nommerpaskombuise.co.za

UITLEG	INHOUD	TAAL
2* -1 per fout	2✓	1 (-1/2 per fout) Vloeiende prosa

[5]

Rubriek vir taalpunt	
Inhoudspunt	Taalpunt
2	1
1	1/2

(Eerste vraestel)

VRAAG 4: ONDERSOEKVERSLAG

*NOMMERPAS KOMBUISE

*VERSLAG OOR DIE ONDERSOEK NA DIE IMPLEMENTERING VAN DIE BESLUIT OM PERSONEEL VOLTYDS NA DIE KANTOOR TE LAAT TERUGKEER.

1. *OPDRAG EN DOEL 4 punte

Op **datum** ✓ is opdrag van die **bestuur** ontvang om ondersoek in te stel na die implementering van die besluit om personeel voltyds na die kantoor te laat terugkeer. ✓ Die **doel van die ondersoek** is om te bepaal hoe die besluit geïmplementeer moet word sonder risiko's vir die maatskappy. ✓ Die ondersoek moet teen **datum** (*binne twee weke nadat opdrag ontvang is*) afgehandel wees. ✓

2. *ONDERSOEKMETODES 2 punte

2.1 Vraelyste is aan personeel gestuur. ✓

2.2 'n Arbeidskonsultant is geraadpleeg. ✓

*BEVINDINGE 5 punte

3.1 Volgens die vraelyste ...

- sal vier sleutelpersone bedank weens afstand, reiskoste en spitsverkeer ✓

- verkies agt sleutelpersone om skiktye te werk om spitsverkeer te vermy ✓

- het een ontwerper oorgeskakel na tuisonderrig – weens leerplanverskille kan kinders nie dadelik terugkeer skool toe nie. ✓

3.2 Die arbeidskonsultant, Me. Lawson, stel voor ...

- 'n reistoelaag aan sleutelpersoneel, bereken teen AA-tariewe ✓

- skiktye op voorwaarde dat 40 uur per week by kantoor deurgebring word ✓

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS* 4 punte

Meerderheid personeel is nie geneë om dadelik terug te keer kantoor toe nie
Voorstelle: *enige toepaslike gevolgtrekking* ✓

4.1 - 'n Reistoelaag, bereken teen AA-tariewe aan die vier sleutelpersone wat ver woon. ✓

4.2 - Toegewing aan sleutelpersoneel om skiktye te werk om spitsverkeer te vermy, onderhewig aan voorwaarde dat hulle 40 uur per week by kantoor is. ✓

4.3 Enige werkbare oplossing vir die ontwerper, bv. om res van jaar vanaf die huis te werk en slegs vergaderings by te woon. ✓

(Eerste vraestel)

OPGESTEL DEUR*

* M. Nkosana

* M. Nkosana

BESTUURDER: MANNEKRAG/MANNEKRAGBESTUURDER

*Straatnaam en -nommer

*DORP/STAD

*KODE

*Tel. (XXX) XXX XXXX

*DATUM (*Datum moet ooreenstem met datum in punt 1 – opdrag*)

UITLEG	INHOUD	TAAL
4*	15 ✓	6 (-1/2 per fout)

[25]

Rubriek vir taalpunt	
Inhoudspunt	Taalpunt
14- 15	6
11 – 13	5
9 - 10	4
7– 8	3
4 - 6	2
1 - 3	1

(Eerste vraestel)

VRAAG 5: BRIEF AAN PERS

*Tel: XXX XXX XXXX

*Posbus/straatadres

*STAD/DORP

*KODE

*Die Redakteur

*Beeld

*Kingswaylaan 69

*Auckland Park

*JOHANNESBURG

*KODE (Enige)

*Geagte mnr. Beukman

*EK GAAN NIE TERUG KANTOOR TOE NIE

*TERUG KANTOOR TOE? NIE EK NIE!

*OOS, WES, TUISWERK BES

*DIS HIER WAAR ONS PAAIE SKEI

Enige treffende inhoudsopskrif.

Agtergrond/Situasie✓✓

Werknemers wat tydens COVID-inperking afstandwerk gedoen het, moet voltyds na die kantoor terugkeer. (Maatskappynaam mag nie gemeld word – indien wel -1 punt)

Situasie – kinders oorgeskakel na tuisonderrig

Impak van opdrag op werknemer✓✓✓

Ontwrigting – bv. au pair aanstel; toesig vir kinders

Opoffering – bv. spitsverkeer daaglikse trotseer; kinders terug skool toe

Koste – bv. verhoogde brandstofpryse; vergoeding aan au pair; indien kinders terugkeer skool toe is skoolgeld, skooluniforms ens. duurder as tuisonderrig.

Enige relevante inligting

Argument en slotsom✓✓✓

Beroep op werkgewer – moet vereiste/s van poste in ag neem

Ontwerper – funksioneer ten volle vanaf huis

Gedwing om te bedank

*SKUILNAAM (Bv. Anti Kantoor)

*N. Singh/Nadine Singh

UITLEG	INHOUD	TAAL
*3 (-1 per fout) Indien nie treffende opskrif – 1 Indien geen /onvanpaste skuilnaam -1	8✓	4 (-1/2 per fout) Logiese samehang

[15]

Rubriek vir taalpunt	
Inhoudspunt	Taalpunt
7 – 8	4
5 – 6	3
3 – 4	2
1 – 2	1

(Eerste vraestel)

VRAAG 6: KENNISGEWING EN AGENDA VAN 'N ALGEMENE JAARVERGADERING

*PROTEA-TENNISKLUB

*KENNISGEWING VAN AGTSTE ALGEMENE JAARVERGADERING

Kennis✓ geskied dat die agtste AJV van hierdie tennisklub✓ op Dag, XX Maand 20...✓ om 19:00✓ in die plek, adres✓ plaasvind.

Die notule van die sewende AJV, die Voorsitter se Verslag en die Finansiële Verslag is aangeheg.✓

* Op las van die komitee

*Handtekening (1/2 punt vir groepeerings) *Handtekening

Voorletter(s) en Van
VOORSITTER

N. Singh
SEKRETARIS

*Posbus XXX (1/2 punt vir groepering)
DORP/STAD
KODE

*Tel. XXX XXX XXXX/ 'n persoonlike selffoonnommer

* XX – Maand 20XX

(NOTA: 21 dae moet verloop tussen datum van kennisgewing en datum van vergadering – datum van kennisgewing en datum van vergadering uitgesluit)

* AGENDA

1. Bywoningsregister *
2. Kennisgewing/ Konstituering van vergadering✓
3. Verwelkoming *
4. Notule van die sewende AJV *
5. Sake uit die notule *
- 5.1 Samesmelting met XXX-tennisclub✓
6. Voorsittersverslag✓
7. Verslag van die tesourier✓
8. Verkiesing van komitee✓
9. Relevante punt vir AJV (Ledegeld/begroting)✓
10. Afsluiting *

UITLEG of merk negatief -1 per fout	INHOUD	TAAL
4* (8/2)	12 ✓	4 (-1/2 per fout)

[20]

(Eerste vraestel)

NOTA: Puntetabel oorgebring/dupliseer om nasien te vergemaklik.

Rubriek vir taalpunt	
Inhoudspunt	Taalpunt
10 – 12	4
6 – 9	3
3 – 5	2
1 – 2	1

TOTAAL: 100